



REDAKSIONEEL

In die lig van die feit dat meer as 90% van die studente wat Grieks by Afrikaanse universiteite neem teologiese studente is, is dit nie verbasend dat 'n groot deel van die voorgraadse kursusse aan die Nuwe Testament gewy word nie. Trouens, al die Grieks departemente by hierdie universiteite maak gebruik van 'n inleidende grammatika-kursus wat op die Nuwe Testament afgestem is; dit bring mee dat studente in die eerste jaar hoofsaaklik Nuwe-Testamentiese Grieks lees. Selfs in die tweede en derde jaar maak die Nuwe Testament komponent minstens 50% van die totale leesbestek uit. Hierdie konsentrasie op die Nuwe Testament is heel verstaanbaar as in ag geneem word dat teologiese studente van die Afrikaanse kerke Grieks minstens tot op tweedejaarsvlak as verpligte kursus moet volg en dat sodanige studente dikwels weinig belangstelling vir die Griekse kultuur self het.

Die inhoud van die Nuwe-Testamentiese komponent is gewoonlik oorwegend taalkundig en stilisties van aard: aandag word gewy aan grammatikale en semantiese aspekte, sowel as die strukturering en styl van Nuwe-Testamentiese tekste. Anders gestel: die Nuwe Testament word hoofsaaklik linguïsties en teks-immanent benader. Hierdie benadering het die afgelope paar dekades bepaald groot vrug afgewerp; 'n mens dink byvoorbeeld aan diskoersanalise en aan die onlangse semantiese woordeboek van die Nuwe Testament deur J.P. Louw en E.A. Nida wat internasionaal erkenning geniet.

'n Mens moet egter ook erken dat die groot gewig van die Nuwe Testament komponent in Grieks kursusse die bestudering van ander antieke Griekse tekste baie ingeperk het; 'n mens voorsien selfs dat daar in die toekoms a.g.v. die "rasionalisering" van teologiese kursusse 'n nog sterker aandrang sal wees op Grieks leerplanne wat geheel en al aan die Nuwe Testament gewy is. Beteken dit die einde van klassieke Grieks aan Afrikaanse universiteite?

Ironies genoeg bied resente ontwikkelinge in Nuwe-Testamentiese navorsing self miskien nuwe hoop vir die klassieke. Daar is 'n herontdekking van die waarde wat Griekse en Latynse tekste het vir 'n beter verstaan van die literêre komposisie en godsdienshistoriese wêreld van die Nuwe Testament: Jesus se leringe in die Bergrede, byvoorbeeld, word nie meer soos vantevore net met ander Joodse tradisies vergelyk nie, maar ook met Sinies-Stoïsynse materiaal. Paulus se briewe word sowel *formeel* teen die agtergrond van antieke retoriese en epistolêre voorskrifte bestudeer, asook *inhoudelik* vergelyk met die argumente van kontemporêre filosowe en moraliste. Die betekenis van hierdie ontwikkeling vir die bestudering van nie-kanonieke Griekse tekste lê voor die hand: die waarde van Grieks as vak vir voornemende teoloë strek só beskou veel wyer as slegs 'n basiese vertrouwdheid opdoen van die taal waarin die Nuwe Testament geskryf is; Grieks as vak kan ook 'n eerstehandse ervaring van die literêre vorme en moreel-godsdiensstige denke van die antieke wêreld bemiddel.

Hierdie simbiose van klassieke en Nuwe Testament gaan uiteraard nie vanself tot stand kom nie. Daar sal doelbewus wegbeweeg moet word van die strenge kompartmentalisering van "klassieke Grieks" en "Nuwe-Testamentiese Grieks": antieke Griekse tekste sal doelbewus gekies én aangebied moet word met die oog op moontlike raakpunte met die Nuwe Testament, terwyl daar by die lees van Nuwe-Testamentiese tekste eksplisiete inhoudelike en formele vergelykings met ander, nie-kanonieke Griekse tekste moet wees. Só 'n benadering verg trouens 'n nuwe manier van lees, waarin verskillende, en op die oog af uiteenlopende, tekste voortdurend krities met mekaar in verband gebring word. Hoewel 'n mens aanvanklik sal konsentreer op tekste wat redelik direkte raakpunte met die Nuwe Testament vertoon, kan gaandeweg ook voortbeweeg word na tekste waarin hierdie raakvlakke nie so voor die hand liggend is nie. Sodoende sal die Nuwe Testament weer, soos dit hoort, ingebed word in die Grieks-Romeinse wêreld.

J.C. Thom